14. Diakonale Sake

14.1 RAPPORT VAN DIE DEPUTATE VIR DIAKONALE SAKE (Art.14)

A. Ds. P.W.A. Mulder stel die Rapport.
B. RAPPORT:
1. Opdrag (Acta 1994:142, 3)
1.1 Die beheer oor die diakonale inrigtings berus by die plaaslike kerk waaronder die inrigting ressorteer.
1.2 Die kerkverband het ook belang by die diakonale inrigtings. Daarom benoem die Sinode Deputate vir diakonale sake om:
1.2.1 korrelerend en koördinerend op te tree;
1.2.2 geldelike hulp te bied;
1.2.3 trustees te wees vir alle eiendomme wat kragtens sy opdrag verkry word, en in regte vir daardie belange op te tree;
Motivering: Die Nasionale Sinode 1985 het besluit dat die Deputate as maatskappy geregistreer word en die Deputate tree dus as Regspersoon op (Acta 1985:471, 3.3.4.5).
1.2.4 die administrasie en organisasie behoorlik deur 'n "Skakeldeputaat" te reël;
1.2.5 die ingesamelde gelde vir die barmhartigheidsinrigtings onder sy opdrag te administreer;
1.2.6 'n skakel te wees met die regering en ander barmhartigheids- en liefdadigheidsinrigtings volgens Kerkorde, art.6 (Handelinge 1979:578, 3);
1.2.7 Om pro-aktief op te tree sodat hierdie diakonale werksaamhede van die Gereformeerde Kerke tot die beste voordeel van die GKSA kan funksioneer.
1.3 Hulpverlening aan kerke vir hulp aan predikante wat ingevolge artikels 12, 79 of 80 Kerkorde die bediening verlaat het voor 1994 (Acta 1994:238-241).

Die Sinode dra aan die Deputate vir Diakonale Sake op:
1. Om die bestuur, beheer en belegging van die beskikbare fondse te behartig
2. Om in ooreenstemming met die Ordereëlings en in oorleg met die Deputate vir Emeritaatsversorging te oordeel oor die aansoeke van diakonieë om hulpverlening
3. Om by die volgende Sinode aanbevelings te maak oor 'n riglyn vir die volgende drie jaar
4. Om addisionele vrywillige hulp by die diakonieë aan te vra indien onverwagte omstandighede dit vereis
5. Om die Ondersteuningsfonds so spoedig moontlik aan alle kerke bekend te stel en 'n positiewe gesindheid vir die Fonds by lidmate en diakonieë te skep.

6. Om alle sake waaraan die Sinode nie eksplisiet aandag gegee het nie maar wat mag voortvloei uit die besluite van hierdie Sinode (1994) insake die Ondersteuningsfonds, af te handel in ooreenstemming met die Ordereëlings en met die besluite van die Sinode (1994), en om daaroor terug te rapporteer by die eersvolgende Sinode.
7. Om die Ordereëlings van die Ondersteuningsfonds in die lig van die besluite van die Sinode (1994) te hersien en moontlike wysigings by die Sinode aan te beveel.

Besluit: Kennis geneem van die hele punt 1.

2. Uitvoering

2.1 *Vir kennisname:*

2.1.1 Vergaderings

Die Deputate vergader minstens twee keer per jaar (Augustus/September en Maart). Dagbestuursvergaderings word gereeld gehou soos nodig. Plaaslike besture, wat jaarliks deur die plaaslike kerkrade benoem word, vergader maandeliks.

2.1.2 Skakeling met inrigtings

Die Skakeldeputaat is gedurig in telefoniese verbinding met al ses inrigtings en besoek elke inrigting minstens een keer per jaar. Die onderskeie Besture van die tehuise lewer een keer per jaar 'n skriftelike verslag oor die voorafgaande jaar se werksaamhede.

2.1.3 Personeel

2.1.3.1 Johannesburg: Die vorige huisouers (br. en sr. Hans Oosthuizen) het 31 Desember 1994 afgetree en is opgevolg deur br. en sr. Andries Venter. Die personeel bestaan uit die huisouers, twee maatskaplike werkers, 12 assistente en 20 algemene assistente.

2.1.3.2 Pretoria: Die huisouers (br. en sr. Chris Mussmann) word bygestaan deur 'n maatskaplike werker en 10 assistente. Skoonmaakdienste word deur 'n buite-instansie gedoen.

2.1.3.3 Reddersburg: Die huisouers (br. en sr. I. van H. Fourie) word bygestaan deur 'n maatskaplike werker, 12 assistente en 19 algemene assistente werkers.

2.1.3.4 Burgersdorp: Sr. L. van der Vyver is verpleegkundige in beheer en terselfdertyd ook personeelhoof. Die personeel bestaan verder uit 3 verpleegkundiges, 5 verpleegassistente, 7 verpleeghulpe. 4 assistente en 15 algemene assistente.

2.1.3.5 Nylstroom: Sr. A. Wolhuter is personeelhoof en ook verpleegkundige in beheer. Verder bestaan die personeel uit 4 verpleegkundiges, 8 verpleegassistente, 8 verpleeghulpe, 4 assistente en 21 algemene assistente.

2.1.3.6 Florida: Sr. C.J. Kapp is personeelhoof en ook verpleegkundige in beheer. Die personeel bestaan verder uit 3 verpleegkundiges, 8 verpleegassistente, 1 verpleeghulp, 4 assistente en 15 algemene assistente.

2.1.3.7 Administrasie: Ds. P.W.A. Mulder werk as van Skakeldeputaat op 'n deeltydse basis. Hy word bygestaan deur twee halfdagassistente.

2.1.4 Korrelering en koördinering

2.1.4.1 Algemeen

Die Deputate tree korrelerend en koördinerend by die
- insameling en hantering van fondse
- bepaling van beleid oor personeel en studente
- beoogde bouprojekte.

In die lig van verandering in die wetgewing en beleid van die Owerhede is die Deputate ook besig om te besin oor die Konstitusies en Reglemente van die tehuise. Hieroor sal aanvullend gerapporteer word.

2.1.4.2 Kerkverband

Die Skakeldeputaat woon die konferensie van Transvaalse diakens by. Hy spreek ook gemeentes, kerkrade en diakonieë, op hulle versoek, toe.

2.1.5 Skakeling met owerhede

2.1.5.1 Die Deputate skakel wanneer nodig met Plaaslike Besture, die Departement Gesondheid, die Departement Behuising en die Departement Welsyn. Daar is ook skakeling met die Streekswelsynsrade.

2.1.5.2 Vergaderings van die Kinderhuisskakelkomitee en Bejaardesorgkomitee word deur die Skakeldeputaat bygewoon.

2.1.6 Finansies

2.1.6.1 Volledige syfers sal na ouditering van die boeke as 'n Aanvullende Rapport ingedien word. Dit sluit 'n "Begroting" vir die volgende drie jaar in (vgl. die suggestie Acta 1985:31, 3). Om 'n realistiese Begroting vir Diakonale Sake in te dien vir drie jaar vooruit is uiters moeilik omdat daar so baie veranderlikes betrokke is, bv. hoe groot subsidies sal wees, hoe pensioene aangepas word (want daarvolgens word losies op 'n formule bereken), die mate van verswakking by bejaardes (wat die toekenning van verpleegpersoneel bepaal), salarisaanpassings, voedselpryse, ens.

2.1.6.2 Ons is die owerheid innig dankbaar vir die subsidies aan ons tehuise - daarsonder sou ons nie ons kinders en bejaardes kon versorg nie. Tog is subsidies die kwesplek in die bestuur van die tehuise omdat dit die grootste deel is van die tehuise se begrotings en elke keer as subsidies besnoei/aangepas word, het dit ingrypende gevolge vir die tehuise.

2.1.6.3 Die aantal verswakte bejaardes in ons tehuise het sterk toegeneem. Dit het meegebring dat die verpleegpersoneel die afgelope drie jaar heelwat meer moes word - met die gepaardgaande finansiële implikasies.

2.1.7 Inrigtings

2.1.7.1 Johannesburg: Die President Kruger Kinderhuis in Linmeyer huisves 96 kinders en is in die gemeente Klipriviersberg.

2.1.7.2 Pretoria: Die President Kruger Kinderhuis is in die gemeente Oos-Moot en huisves 63 kinders.
2.1.7.3 Reddersburg: Die President Kruger Kinderhuis op Reddersburg huisves ook 63 kinders.
2.1.7.4 Burgersdorp: Dirk Postma Tehuis vir Bejaardes het uitgebrei om 54 verswakte bejaardes te versorg. Nog enkele woonstelle vir selfversorgende bejaardes is opgerig.
2.1.7.5 Nylstroom: Die Waterberg Tehuis vir Bejaardes versorg 72 verswakte bejaardes. In die Johannes Postma Woonstelle woon selfversorgende bejaardes.
2.1.7.6 Florida: Ons Huis Tehuis vir Bejaardes versorg 75 verswakte bejaardes en Ons Huis Woonstelle kan 38 selfversorgende bejaardes huisves.
2.1.7.7 Smaldeel: (Reddersburg) Die plaas is behoorlik beplan en in kampe verdeel. Dit voorsien grootliks in die vleisbehoeftes van die PKK Reddersburg
2.1.7.8 In die lig van die toenemende druk wat subsidies op veral die bestuur van kinderhuise plaas, is die Deputate tans besig om ernstig te besin oor die toekomstige bestuur van die Kinderhuise. Hieroor sal aanvullend gerapporteer word.

Besluit: Kennis geneem van die hele punt 2.

3. Ondersteuningsfonds (KO, artt.12, 79, 80)

Briewe is aan Kerke gestuur waarin die besluite van die Nasionale Sinode 1994 meegedeel is. Verskeie kerke het gereageer deur die daarstelling van die Fonds te bevraagteken of om ander alternatiewe te suggereer.
Bydraes wat ontvang is, is ontoereikend om die doel van die Fonds te bereik. Aan die einde van die Deputate se finansiële jaar het dit R23 000 beloop. Intussen word voortgegaan met die uitbou van die Fonds.
Slegs een aansoek vir hulp is ontvang. Dit was pas nadat die Fonds in die lewe geroep is en gevolglik was daar nie middele om hulp te verleen nie. Hulp is aan die kerk aangebied in die vorm van beskikbare fasiliteite by ons inrigtings (behuising).
Omdat die uitbou van die Fonds 'n deurlopende saak is, sal ons waarskynlik hieroor aanvullend rapporteer.

Besluit: Kennis geneem.

4. Vir goedkeuring

4.1 *Opdrag* (Acta 1994:142, 3)
4.1.1 Die beheer oor die diakonale inrigtings berus by die plaaslike kerk waaronder die inrigting ressorteer.
4.1.2 Die kerkverband het ook belang by die diakonale inrigtings. Daarom benoem die Sinode Deputate vir Diakonale sake om:
4.1.2.1 korrelerend en koördinerend op te tree en met die kerkverband te skakel;

4.1.2.2 geldelike hulp te bied;
4.1.2.3 trustees te wees vir alle eiendomme wat kragtens sy opdrag verkry word, en in regte vir daardie belange op te tree;
Motivering: Die Nasionale Sinode 1985 het besluit dat die Deputate as maatskappy geregistreer word en die Deputate tree dus as Regspersoon op (Acta 1985:471, 3.3.4.5);
4.1.2.4 die administrasie en organisasie behoorlik deur 'n "Skakeldeputaat" te reël;
4.1.2.5 die ingesamelde gelde vir die barmhartigheidsinrigtings onder sy opdrag te administreer;
4.1.2.6 'n skakel te wees met die regering en ander barmhartigheids- en liefdadigheidsinrigtings volgens Kerkorde, art.26 (Handelinge 1979:578, 3);
4.1.2.7 om pro-aktief op te tree sodat hierdie diakonale werksaamhede van die Gereformeerde Kerke tot die beste voordeel van die GKSA kan funksioneer.
4.1.3 Hulpverlening aan kerke vir hulp aan predikante wat ingevolge KO, artt.12, 79 of 80 die bediening verlaat het voor 1994 (Acta 1994:238-241).
Die Sinode dra aan die Deputate vir Diakonale Sake op:
1. Om die bestuur, beheer en belegging van die beskikbare fondse te behartig
2. Om in ooreenstemming met die Ordereëlings en in oorleg met die Deputate vir Emeritaatsversorging te oordeel oor die aansoeke van diakonieë om hulpverlening
3. Om by die volgende Sinode aanbevelings te maak oor 'n riglyn vir die volgende drie jaar
4. Om addisionele vrywillige hulp by die diakonieë aan te vra indien omstandighede dit vereis
5. Om die Ondersteuningsfonds aan alle kerke bekend te stel en 'n positiewe gesindheid teenoor die Fonds by lidmate en diakonieë te skep
6. Om alle sake waaraan die Sinode nie eksplisiet aandag gegee het nie maar wat mag voortvloei uit die besluite van hierdie Sinode insake die Ondersteuningsfonds, af te handel in ooreenstemming met die Ordereëlings en, en om daaroor terug te rapporteer by die eersvolgende Sinode.

Besluit: Die hele punt 4 word goedgekeur.

C. AANVULLENDE RAPPORT VAN DIE DEPUTATE VIR DIAKONALE SAKE

1. Besinning oor die voortbestaan van die kinderhuise
Aanbeveling:

"Die Nasionale Sinode besluit om die Deputate vir Diakonale Sake opdrag te gee om te besin oor die voortbestaan van die drie kinderhuise en alle regsaspekte en samehangende omstandighede te ondersoek. Indien dit na ondersoek blyk dat dit noodsaaklik is om een of meer kinderhuise te sluit, kry die Deputate volmag om die eiendom/me te vervreem en die opbrengs te belê en met die opbrengs die restante kinderhuis(e) te subsidieer."

Motivering:

Die finansiële state van die kinderhuise wat tans voor die Sinode dien, bevestig dat die GKSA nie 3 kinderhuise verder kan bekostig nie. In baie gemeentes is dit nou toenemend so dat die diakens eers hul eie mense moet versorg - veral die groot getal werkloses wat tans ervaar word. Dit lyk asof die tendens verder gaan uitbrei in die nabye toekoms.

Die verwagting is dat die diakens net vir kinderhuise, bo en behalwe hul gewone bydrae, bykans 'n miljoen rand ekstra sal moet deurgee om die tekort op die begroting in die komende jaar te kan hanteer. Dit is twyfelagtig of die diakens hierdie bedrag sal kan byeenbring.

Die oorspronklike rede vir die stigting van 'n kinderhuis in Pretoria was om Gereformeerde kinders te versorg en op te voed. In 1979 het die Nasionale Sinode van die GKSA met 'n besluit die volgende wysiging in die konstitusie aangebring "... by voorkeur om kinders behorende aan Gereformeerde gemeentes in Suid-Afrika." Dit is gedoen om deur die Streekwelsynrade aanvaar te word (art 5).

Huidig word baie min Gereformeerde kinders in ons kinderhuise opgeneem. 'n Opname in die drie kinderhuise het getoon dat daar slegs 27 uit 216 (12%) kinders is wat van huis uit Gereformeerd is.

Gegewens oor die afgelope tien jaar in Pretoria wys dat die meeste opnames kinders uit die sektes is.

Die staat die kerke, wel subsidieer maar subsidies hou nie tred met die verhoogde uitgawes nie. Volgens 'n skrywe van die Departement Welsyn is daar nie vooruitsig vir verhoging nie.

> **Besluit:** Goedgekeur nadat die woord rente vervang is met opbrengs. Die Deputate se opdrag sluit ook in die ondersoek van alternatiewe.
>
> Die finansiële state word verwys na die Finansiële Kommissie.

2. Konstitusies van Tehuise (kyk 2.1.4.1 van oorspronklike Rapport)

2.1 *Konstitusie van die President Kruger Kinderhuise (Acta 1979:567) Wysigings is kursief gedruk* en (weglatings is tussen hakies geplaas)

Art. 1 Naam: Die President Kruger Kinderhuis ..... *FI no.....*

Art. 2 Grondslag: die Kinderhuis staan op die Belydenisgrondslag van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, *dus Die Apostoliese Geloofsbelydenis, die Belydenis van Athanasius en die Belydenis van Nicea asook die Drie-Formuliere van eenheid, (die Heidelbergse Kategismus, die Dordtse Leerreëls en die Nederlandse Geloofsbelydenis) en funksioneer met in agneming van die wet op Kindersorg*.
Art. 3 Werkgebied: Die Republiek van Suid-Afrika
Art 4. Lidmaatskap: (Lidmaatskap is beperk tot)
4.1 Deputate vir Diakonale Sake daartoe benoem deur die Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (hierna genoem die Sinodale Deputate) en
4.2 die kerkraad en die diakens van die Gereformeerde Kerk in wie se ressort die Kinderhuis geleë is.
4.3 Kundiges/belanghebbendes daartoe benoem, soos goedgekeur deur die Sinodale Deputate vir Diakonale Sake.
Art. 5 (Doelstellings: Om kinders wat sorg nodig het, by voorkeur behorende aan Gereformeerde gemeentes in Suid-Afrika, te versorg en hulle voor te berei vir hulle lewensroeping totdat hulle in gesinne van Gereformeerde Belydenis of in 'n goedgekeurde nasorginrigting geplaas kan word, of totdat hulle die leeftyd bereik het om selfstandig hulle plek in die samelewing te kan volstaan.)
Art. 5 Doelstellings: Om die kinders op te voed en te versorg sodat hulle potensiaal maksimaal kan ontwikkel op geestelike, sosiale en intellektuele vlak.
Art. 6 Beheer en bestuur:
6.1 Die (gemeentes in) Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (vergader), het volle beheer oor die beleid en dra die uitvoering daarvan op *ingevolge art.21 van die Maatskappywet* aan die Sinodale Deputate *as direksie* en ('n) *die* bestuur van die Kinderhuis.
6.2 Bestuur: Die bestuur van die Kinderhuis berus by 'n Bestuur van ten minste sewe persone.
6.2.1 Die Bestuur word deur die plaaslike kerkraad benoem uit die ouderlinge, diakens en/of ander lidmate van die Gereformeerde gemeente in wie se ressort die Kinderhuis geleë is, (en, indien gewens,) uit derglike persone van naburige (Gereformeerde) gemeentes *sowel as ander vanweë hul betrokkenheid.*
6.2.2 Die ampstermyn van die Bestuur duur tot 'n volgende algemene jaarvergadering wanneer 'n nuwe Bestuur soos hierbo genoem, gekies word.
6.2.3 Die *Dag*bestuur (kies uit hulle midde) *bestaan uit:* 'n voorsitter, vise-voorsitter en sekretaris. (Hulle vorm die Dagbestuur.)
6.2.4 Die Bestuur kan subkomitees benoem vir spesifieke take. Vir hierdie doel kan lede gekoöpteer word (uit die breë kerkverband.)

6.2.5 Verteenwoordigers van staatsdepartemente, provinsiale of plaaslike owerhede kan in ex-officio-hoedanigheid sonder stemreg op die Bestuur dien.
6.2.6 Vakatures word aangevul by wyse van koöptering deur die Bestuur.
Art. 7 Finansies: Fondse (vir die instandhouding en voortsetting van die bedrywighede van die Kinderhuis,) word deur die Sinodale Deputate (in samewerking met die Gereformeerde gemeentes voorsien) *gekorrelleer en beheer, terwyl die Bestuur plaaslik verantwoordlikheid aanvaar.* Daar word van die dienste van 'n geregistreerde ouditeur gebruik gemaak.
Art. 8 Ontbinding
8.1 Die Kinderhuis kan ontbind word *met inagneming van die bepalings van die Wet op Kindersorg en ter sake ooreenkomste met die staat.* (indien) Minstens twee-derdes van die lede teenwoordig op 'n algemene vergadering van lede wat vir daardie doel belê is, *moet* ten gunste van die ontbinding stem. Kennisgewing van sodanige vergadering moet minstens 21 dae voor die datum van die vergadering aan lede gestuur word met vermelding van die doel van die vergadering, naamlik die ontbinding van die Kinderhuis en die beskikking oor sy bates. Indien daar geen kworum by die ontbindingsvergadering teenwoordig is nie, word die vergadering vir minstens (7) *14* dae verdaag en die lede wat dan die daaropvolgende vergadering bywoon, is 'n kworum.
8.2 Alle bates is en bly die eiendom van die Nasionale Sinode of sy Trustees. By ontbinding van die Kinderhuis moet enige bates wat tot stand gekom het by wyse van subsidies of toelaes van die Staat, oorgedra word aan 'n ander geregistreerde welsynsorganisasie(s), by voorkeur 'n welsynsorganisasie met soortgelyke doelstellings, wat die algemene ledevergadering by ontbinding aanwys. (By gebrek aan sodanige prosedure sal die Suid-Afrikaanse Welsynsraad daaroor besluit.)
Art. 9.1 Wysiging van Konstitusie. Die wysiging van hierdie Konstitusie kan alleen geskied op 'n algemene ledevergadering of 'n spesiale algemene ledevergadering vir daardie doel belê.
9.2 Reglement: Die Bestuur stel 'n Reglement op en kan wysigings daarin aanbring.
2.2 Konstitusie van die Tehuise vir Bejaardes (Acta 1979:568)
Art. 1 Naam: Die .....-tehuis vir Bejaardes.
Art. 2 Grondslag: die inrigting staan op die Belydenisgrondslag van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, *dus Die Apostoliese Geloofsbelydenis, die Belydenis van Athanasius en die Belydenis van Nicea asook die Drie-Formuliere van eenheid, (die Heidelbergse Kategismus, die Dordtse Leerreëls en die Nederlandse Geloofsbelydenis*)

Art. 3 Werkgebied: Die Republiek van Suid-Afrika
Art. 4 Lidmaatskap: Lidmaatskap is beperk tot
4.1 Deputate vir Diakonale Sake daartoe benoem deur die Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (hierna genoem die Sinodale Deputate) en
4.2 die kerkraad en die diakens van die Gereformeerde Kerk in wie se ressort die inrigting geleë is.
4.3 Kundiges/belanghebbendes daartoe benoem, soos goedgekeur deur die Sinodale Deputate vir Diakonale Sake.
Art. 5 Doelstellings: Om (hulpbehoewende) oues-van-dae, by voorkeur behorende aan Gereformeerde gemeentes in Suid-Afrika, te huisves en te versorg.
Art. 6 Beheer en bestuur:
6.1 Die (gemeentes in) Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (vergader), het volle beheer oor die beleid en dra die uitvoering daarvan op *ingevolge art.21 van die Maatskappywet* aan die Sinodale Deputate *as direksie* en ('n) *die* bestuur van die inrigting.
6.2 Bestuur: die bestuur van die inrigting berus by 'n Bestuur van ten minste sewe persone.
6.2.1 Die Bestuur word deur die plaaslike kerkraad benoem uit die ouderlinge, diakens en/of ander lidmate van die Gereformeerde gemeente in wie se ressort die inrigting geleë is en, indien gewens, uit derglike persone van naburige (Gereformeerde) gemeentes *sowel as ander vanweë hul betrokkenheid.*
6.2.2 Die ampstermyn van die Bestuur duur tot 'n volgende algemene jaarvergadering wanneer 'n nuwe Bestuur soos hierbo genoem, gekies word.
6.2.3 Die *Dag*bestuur (kies uit hulle midde) *bestaan uit:* 'n voorsitter, vise-voorsitter en sekretaris. (Hulle vorm die Dagbestuur.)
6.2.4 Die Bestuur kan subkomitees benoem vir spesifieke take. Vir hierdie doel kan lede gekoöpteer word uit die breë kerkverband.
6.2.5 Verteenwoordigers van staatsdepartemente, provinsiale of plaaslike owerhede kan in ex-officio-hoedanigheid sonder stemreg op die bestuur dien.
6.2.6 Vakatures word aangevul by wyse van koöptering deur die Bestuur.
Art. 7 Finansies: Fondse (vir die instandhouding en voortsetting van die bedrywighede van die Bejaardetehuis,) word deur die Sinodale Deputate (in samewerking met die Gereformeerde gemeentes voorsien) *gekorrelleer en beheer, terwyl die Bestuur plaaslik verantwoordlikheid aanvaar.* Daar word van die dienste van 'n geregistreerde ouditeur gebruik gemaak.
Art. 8 Ontbinding
8.1 Die inrigting kan ontbind word indien minstens twee-derdes van die lede teenwoordig op 'n algemene vergadering van lede wat vir

daardie doel belê is, ten gunste van die ontbinding stem. Kennisgewing van sodanige vergadering moet minstens 21 dae voor die datum van die vergadering aan lede gestuur word met vermelding van die doel van die vergadering, naamlik die ontbinding van die inrigting en die beskikking oor sy bates. Indien daar geen kworum by die ontbindingsvergadering teenwoordig is nie, word die vergadering vir minstens 7 *(14)* dae verdaag en die lede wat dan die daaropvolgende vergadering bywoon, is 'n kworum.

8.2 Alle bates is en bly die eiendom van die Nasionale Sinode of sy Trustees. By ontbinding van die inrigting moet einige bates wat tot stand gekom het by wyse van subsidies of toelaes van die Staat, oorgedra word aan 'n ander geregistreerde welsynsorganisasie(s), by voorkeur 'n welsynsorganisasie met soortgelyke doelstellings, wat die algemene ledevergadering by ontbinding aanwys. (By gebrek aan sodanige prosedure sal die Suid-Afrikaanse Welsynsraad daaroor besluit.)

Art. 9.1 Wysiging van konstitusie. Die wysiging van hierdie konstitusie kan alleen geskied op 'n algemene ledevergadering of 'n spesiale algemene ledevergadering vir daardie doel belê.

9.2 Reglement: Die Bestuur stel 'n Reglement op en kan wysigings daarin aanbring.

Besluit: Goedgekeur.

Nota: Finansiële state van hierdie Deputate is op aanbeveling van die Finansiële Kommissie deur die Sinode goedgekeur (Notule art.223).

GEKWALIFISEERDE VERSLAG VAN DIE ONAFHANKLIKE OUDITEURE AAN DIE SINODALE DEPUTATE VIR DIAKONALE SAKE VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA (INGELYFDE VERENIGING SONDER WINSOOGMERK) GEKONSOLIDEERDE FINANSIëLE JAARSTATE

Ons het die gekonsolideerde finansiële jaarstate uiteengesit op bladsy 2 tot 11 geouditeer. Hierdie finansiële state is die verantwoordelikheid van die bestuur. Dit is ons verantwoordelikheid om oor hierdie finansiële state verslag te doen.

Ons het ons oudit ooreenkomstig algemeen aanvaarde ouditstandaarde uitgevoer. Hierdie standaarde vereis dat ons die oudit beplan en onderneem om redelike versekering te verkry dat, in alle wesentlike aspekte, billike aanbieding in die finansiële state bereik is. 'n Oudit behels 'n evaluering van die geskiktheid van die rekeningkundige beleid, 'n ondersoek, op toetsgrondslag, van bewyse wat die bedrae en openbaarmakings wat in die finansiële state ingesluit is steun, 'n beoordeling van die redelikheid van beduidende ramings en 'n oorweging van die geskiktheid van die algemene aanbieding van die finansiële state. Ons is van mening dat ons ouditprosedure in die omstandighede geskik was om ons mening, wat hieronder aangebied word, uit te spreek.

Soos in die geval van soortgelyke organisasies, is dit nie gebruiklik vir die organisasie om rekeningkundige beheermaatreëls in te stel oor kontantinvordering ten opsigte van skenkings, voor die aanvanklike inskrywing van die invordering in die rekenkundige rekords nie. Dit was derhalwe vir ons onprakties om ons ondersoek uit te brei na ontvangste van skenkings bo en behalwe die wat werklik geboekstaaf is.

Afgesien van die uitwerking van enige aansuiwerings wat dalk nodig sou gewees het indien die onsekerhede waarna hierbo verwys is, bekend was, verstrek hierdie finansiële state na ons mening en ooreenkomstig algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk, 'n redelike weergawe van die finansiële toestand van die organisasie op 31 Maart 1996 en van die resultate van sy bedrywighede en kontantvloei-inligting vir die jaar geëindig op daardie datum.

DEN BOER EN VAN DER LAAN
GEOKTROOIEERDE REKENMEESTERS (SA)
PRETORIA
5 September 1996

GEKONSOLIDEERDE FINANSIëLE STATE 1 APRIL 1993 TOT 31 MAART 1996

	1994	1995	1996	Totaal
INKOMSTE				
Subsidie	3,303,447	3,313,343	3,278,407	9,895,197
Losiesgeld en huur	1,309,049	1,405,310	1,622,107	4,336,466
Bydrae - Persone	220,995	158,906	245,968	625,869
Bydrae - Kerke	726,368	709,926	882,782	2,319,076
Rente en Dividende	162,774	136,105	178,053	476,932
Intreegeld	11,300	12,180	12,033	35,513
Parkering	1,535	1,320	1,525	4,380
Eksta Etes	23,331	18,942	19,355	61,628
Televisiegeld	390	390	405	1,185
Elektrisiteit verhaal	20,120	20,744	12,182	53,046
Wassery	3,199	2,768	1,943	7,910
Versekering Ontvang	46,931	2,847	54,025	103,803
Opbreng - Verkope van bates	1,970	16,900	45,085	63,955
Snoepie inkomste			315	315
	5,831,409	5,799,681	6,354,185	17,985,275
UITGAWES				
Salaris - proff	1,044,066	1,190,096	1,280,250	3,514,412
Salaris - ander	1,477,837	1,689,040	1,902,807	5,069,684
Bonussse	160,098	214,820	230,269	605,187
Bydraes tot hulpskema	359,221	422,109	481,229	1,262,559
Honorarium	720	720	2,520	3,960
Vervoer	44,325	56,792	76,427	177,544
Reis en verblyf	14,878	11,986	17,611	44,475
Advertensies	844	1,490	1,285	3,619
Telefoon en posgeld	42,953	48,071	54,085	145,109
Drukwerk en skryfbehoeftes	10,830	14,069	17,166	42,065
Tydskrifte en boeke	872	2,057	381	3,310
Assuransie	34,778	55,402	68,257	158,437
Onderhoud - Toer en motor	148,604	92,338	76,651	317,593
Affiliasiegelde	1,026	837	1,994	3,857
Huurgeld	6,100	7,200	1,650	14,950
Rente op lenings	12,413	12,031	6,322	30,766
Instandhouding	114,316	80,181	77,670	272,167
Munisipale dienste	348,952	437,757	497,465	1,284,174
Skoonmaak en verbruik	237,734	260,474	231,508	729,716
Kombuis en breekware	10,667	6,134	9,618	26,419

Voedselaankope	771,403	904,584	938,834	2,614,821
Linne, komberse, uniform	133,258	182,608	97,426	413,292
Aankope - Meubels en toer			2,429	2,429
Medisyne	11,657	11,766	10,621	34,044
Onderwys en ontspanning	68,721	86,126	44,057	198,904
Sak-, kerkgeld en funksies	47,841	57,174	64,578	169,593
Ouditeursvergoeding	21,734	23,281	25,439	70,454
Rekenmeesterskoste	15,785	10,844	10,858	37,487
Prokureurskoste	400			400
Bankkoste	2,473	3472	4,805	10,750
Waardevermindering	22,459	29,944	36,241	88,644
Lewende hawe	2,350	2,810		5,160
Spoorvrag	342	434	33	809
Boerdery uitgawes	213	4,543		4,756
Tuinonkoste	6,353	9,926	4,669	20,948
Bankrente	217	247	10,901	11,365
Diverse uitgawes			2,378	2,378
	5,176,440	5,931,363	6,288,434	17,396,237
BEDRYFSOORSKOT / (TEKORT)	654,969	(131,682)	65,751	589,038

GEKONSOLIDEERDE BEGROTING 1 APRIL 1997 TOT 31 MAART 1999

	1997	**1998**	**1999**	**Totaal**
INKOMSTE				
Subsidie	3,500,000	3,500,000	3,500,000	10,500,000
Losiesgeld en huur	1,703,250	1,789,000	1,880,000	5,372,250
Bydrae - Persone	258,500	277,750	305,000	841,250
Bydrae - Kerke	927,500	996,000	1,047,500	2,971,000
Rente en Dividende	225,000	230,000	235,000	690,000
Intreegeld	15,000	17,500	20,000	52,500
Parkering	1,535	1,320	1,525	4,380
Eksta Etes	25,000	27,500	30,000	82,500
Televisiegeld	500	500	500	1,500
Elektrisiteit verhaal	25,000	27,500	30,000	82,500
Wassery	3,500	3,750	4,000	11,250
Versekering Ontvang	40,000	40,000	40,000	120,000
Opbreng - Verkope van bates	10,000	12,500	15,000	37,500
Snoepie inkomste				0
	6,734,785	6,923,320	7,108,525	20,766,630

UITGAWES				
Salaris - proff	1,376,500	1,479,500	1,590,000	4,446,000
Salaris - ander	2,045,500	2,199,000	2,364,000	6,608,500
Bonussse	247,500	266,000	286,000	799,500
Bydraes tot hulpskema	517,000	556,000	597,000	1,670,000
Honorarium	1,000	1,000	1,000	3,000
Vervoer	84,000	92,000	100,000	276,000
Reis en verblyf	18,000	19,000	20,000	57,000
Advertensies	12,500	15,000	17,500	45,000
Telefoon en posgeld	60,000	65,000	71,000	196,000
Drukwerk en skryfbehoeftes	15,000	17,500	20,000	52,500
Tydskrifte en boeke	500	750	1,000	2,250
Assuransie	75,000	82,000	90,000	247,000
Onderhoud - Toer en motor	80,000	85,000	90,000	255,000
Affiliasiegelde	2,000	2,200	2,500	6,700
Huurgeld	10,000	11,000	12,500	33,500
Rente op lenings	7,500	7,500	7,500	22,500
Instandhouding	80,000	88,000	90,000	258,000
Munisipale dienste	525,000	575,000	625,000	1,725,000
Skoonmaak en verbruik	200,000	220,000	240,000	660,000
Kombuis en breekware	10,000	11,000	12,500	33,500
Voedselaankope	950,000	1,045,000	1,149,000	3,144,000
Linne, komberse, uniform	100,000	115,000	125,000	340,000
Aankope - Meubels en toer	5,000	7,500	10,000	22,500
Medisyne	12,000	13,500	15,000	40,500
Onderwys en ontspanning	50,000	55,000	62,000	167,000
Sak-, kerkgeld en funksies	70,000	75,000	82,000	227,000
Ouditeursvergoeding	27,500	30,000	33,000	90,500
Rekenmeesterskoste	12,000	13,500	15,000	40,500
Bankkoste	5,000	5,500	6,000	16,500
Waardevermindering	40,000	44,000	49,000	133,000
Tuinonkoste	5000	5,500	6,000	16,500
Bankrente	500	750	1,000	2,250
Diverse uitgawes				0
	6,644,000	7,202,700	7,790,500	21,637,200
BEDRYFSOORSKOT / (TEKORT)	90,785	(279,380)	(681,975)	(870,570)

BALANSSTAAT SOOS OP 31 MAART 1996

KAPITAAL AANGEWEND

	Aantekeninge	
Fondse / Reserwes aangewend	2	10,757,727
Spesiale Trustfondse	3	31,610
Fondse / Reserwes onaangewend	4	2,698,566
Langtermynlaste		319,161
- Okkupasielenings	5.1	67,500
- Lening: Ons Huis	5.2	221,341
- Vriendekring		
- Lening: BP Pretoruis	5.3	30,320
		13,807,064

AANWENDING VAN KAPITAAL

Vaste Bates	6	11,288,941
- Grond en Geboue		10,914,905
- Meubels en Toerusting		96,087
- Motorvoertuie		234,061
- Masjinerie en toerusting		37,716
- Rekenaartoerusting		6,172
Ander Bates		1,907,113
- Beleggings	7	1,726,472
- Vooruitbetalings	8	180,641
- Kapitaaldelging		
Netto Bedryfsbates		611,010
Bedryfsbates		791,863
- Ontvangbare Rekeninge		309,865
- Deposito's		4,241
- Kontant in transito		31,097
- Kontant en Spaarfondse		63,636
- Bank		327,145
- Voorrraad - Voedsel		55,879

Bedryfslaste		180,853
- Betaalbare Rekeninge		124,148
- Bedrae vooruit ontvang		21,705
- Lening - Diakonie	9	35,000
		13,807,064

GEKONSOLIDEERDE KONTANTVLOEISTAAT VIR DIE JAAR GEëNDIG 31 MAART 1996

BEDRYFSAKTIWITEITE	
BEDRYFS TEKORT VOOR RENTE	(95,079)
AANGESUIWER VIR:	
Waardevermindering	36,241
KONTANT AANGEWEND IN BEDRYWIGHEDE	(58,838)
TRANSAKSIES OP RESERWES EN FONDSE	87,031
-Rente verdien	26,445
- Skenkings ontvang	61,666
- Aangewend gedurende die jaar	(1,080)
BELEGGINGSINKOMSTE	178,053
AANGEWEND IN BEDRYFSKAPITAALFINANSIERING	(45,749)
- Afname in ontvangbare rekeninge	39,388
- Toename in voorraad	(9,560)
- Afname in betaalbare rekeninge	(32,725)
- Afname in bedrae vooruitontvang	(42,352)
- Toename in deposito's	(500)
KONTANT DEUR BEDRYFSAKTIWITEITE VOORTGEBRING	160,497
FINANSIERINGSKOSTE	(17,223)
KONTANT TERUGGEHOU UIT BEDRYFSAKTIWITEITE	143,274

BELEGGINGSAKTIWITEITE	(94,736)
- Belegging om bedrywighede te handhaaf	(21,764)
- Toevoeging tot Grond en geboue	(154,503)
- Toevoeging tot ander bates	81,531
- Afname in belegging gemaak	
NETTO KONTANT SURPLUS	48,538
FINANSIERINGSAKTIWITEITE	(48,538)
- Langtermyn - Toename in lenings	36,661
- Korttermyn - Toename in lenings	45,000
- Toename in bank en kontant	(130,199)
	(48,538)

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIëLE STATE SOOOS OP 31 MAART 1996

1. REKENINGKUNDIGE BELEID

1.1 GROND EN GEBOUE:

Grond en geboue word getoon teen herwaardasie. Geen waardevermindering word voorsien nie.

1.2 ANDER VASTE BATES:

Ander vaste bates word gedepresieer op die verminderde saldo metode teen koerse wat voldoende geag word om die bates oor hul verwagte nuttige lewensduur af te skryf.

1.3 KAPITAALDELGINGS-FONDS

Kapitaaldelgings op langtermynlenings word as 'n koste teen die inkomste vir die jaar beskou en word oorgeplaas na die kapitaaldelgingsfonds.

1.4 VOORRAAD

Voorraad word teen kosprys getoon volgens die eerste-in-eerste-uit metode.

2. FONDSE EN RESERWE		10,757,727
AANGEWEND		
HERWAARDASIERESERWE		5,714,778
Reserwe met herwaardasie van gond en geboue		
AANGEWENDE FONDSE		
Boufonds		991,809
Saldo begin/einde van die jaar		
Kombuisfonds		21,824
Saldo begin/einde van die jaar		
Voertuigfonds		169,175
Saldo begin van die jaar	9,429	
Oorgeplaas gedurende die jaar	168,395	
Waardevermindering verreken	(8,649)	
Kapitaaldelgingsfonds		3,860,141
Saldo begin van die jaar	3,860,141	
3. SPESIALE TRUSTFONDSE		31,610
Stiglingstrust		540
Saldo begin van die jaar	481	
Rente verdien	59	
Beyleveldt Trust		31,070
Saldo begin van die jaar	25,605	
Ontvang gedurende die jaar	3,381	
Aangewend gedurende die jaar	-1,080	
Rente verdien	3,164	
4. FONDSE EN RESERWES		2,698,566
ONAANGEWEND		
Kombuisfonds		2,415
Bemakingsfonds - Maatskaplik		20,000
Saalfonds		34,011
Ontwikkelingsfonds		10,000
Bussiefonds		6,200
Du Plessis Instandhoudingsfonds		162,436
SAP du Toit Boufonds		101,253
Rolstoelfonds		2,384
Prestasiefonds		8,950

C Erasmusfonds		2,000
A van Wyk Fonds		6,740
Personeel Hulpfonds		2,500
Personeelvoorsorgfonds		40,293
D Brits Trust - Spesiale Onderwys		74,172
Instandhoudingsfondse		140,165
Saldo begin van die jaar		140,165
Ondersteuningsfonds Diakonie		22,800
Bemakingsfonds - Algemeen		278,285
Spesiale reserwes - Tehuise		474,442
Onvoorsiene uitgawes		195,000
- Johannesburg Kinderhuis		20,000
- Pretoria Kinderhuis		20,000
- Reddersburg Kinderhuis		20,000
- Burgersdorp Ouetehuis		20,000
- Nylstroom Ouetehuis		20,000
- Florida Ouetehuis		95,000
Voorsiening vir personeelvergoeding		
- Florida Ouetehuis		100,000
Rente verdien op reserwes		
- Florida Ouetehuis		179,442
Opgehoopte oorskot		1,309,220

Bogenoemde reserwes is gereserveer vir onvoorsiene uitgawes waarvoor nie begroot is nie. Bewilliging van fondse uit die reserwes sal geskied soos en wanneer die bestuur dit goedkeur.

5. LANGTERMYNLASTE		
5.1 OKKUPASIELENINGS		67,500
Saldo begin van die jaar		47,500
Opbrengs met okkupasiereg verkoop		27,000
Okkupasiereg verreken teen huur ontvang		(7,000)

Die bedrag verteenwoordig lewenslange okkupasiereg wat aan sekere inwoners verkoop is.
Die lenings is rentevry en terugbetaalbaar met opsegging van okkupasie.

5.2 LENING - ONS HUIS VRIENDEKRING		221,341
Saldo begin van die jaar		135,000
Lening ontvang		86,341

Die lening is onverseker en rentevry. R110000 van die lening is terugbetaalbaar binne 5 jaar gereken vanaf 31 Julie 1993, met in agneming van die finansiële posisie van Ons Huis woonstelle Florida. Vir die balans van die lening is daar geen vaste terugbetalingsvoorwaardes nie, alhoewel die bedoeling van 'n langtermynaard is.

5.3 LENING BP PRETORIUS		30,320
Die lening is onverseker en dra rente teen 12% per jaar		

6. GROND EN GEBOUE		10,914,905
6.1 Besonderhede van grond en geboue		
President Kruger Tehuis - Pretoria		1,477,827
President Kruger Tehuis - Johannesburg		1,642,400
President Kruger Tehuis - Reddersburg		1,031,447
Dirk Postma Ouetehuis - Burgersdorp		1,111,018
Saldo begin van die jaar		1,391,018
Herwaardasie tov Woonstelskema uitgehaal		(280,000)
Ons Huis Ouetehuis - Florida		1,407,783
Waterberg Ouetehuis - Nylstroom		1,099,973
Ons Huis Woonstelle - Florida		1,379,715
Waterberg Woonstelle - Nylstroom		1,667,583
Hoofkantoor		97,159

6.2 Die waarde van die grond is soos volg saamgestel:		10,914,905
- Herwaardasie		7,373,875
- Verbetering sedert 1987 tot begin van die jaar		3,519,267
- Verbeterings - Huidige jaar		21,763

7. BELEGGINGS	1,726,472
10% Skuldbriewe - Sorec Limited	18,000
9% Effekte - Stadsraad Johannesburg	5,000
11% Staatseffekte	3,000
Klas A4 aandele - Perm	22,000
Lening - Gereformeerde Kerk Johannesburg-suid	20,000
Vaste deposito's	1,039,109
Versekeringspolisse	619,363

Die beleggings verteenwoordig die volgende fondse	
(sien ook aantekeninge 2.4)	1,726,472
Spesiale Trustfondse	31,610
Spesifieke fondse	421,981
Instandhoudingsfondse	140,465
Bemakingsfondse	278,285
Spesiale reserwes - Skemas	474,442
Oorskot fondse belê	379,689

8. VOORUITBETAALDE UITGAWE - KAPITAALDELGING	180,641
Vooruitbetaling	451,604
Afskrywing - Vorige jaar	(180,642)
- Huidige jaar	(90,321)

Die aflossing van verbandlenings ingevolge verdiskonteringsooreenkomste het buitengewone kapitaaldelgings van R 451 604 tot gevolg gehad wat as vooruitbetaal getoon en oor 5 jaar afgeskryf word.

9. LENING VANAF DIAKONIE	35,000

Die lening is onverseker en rentevry teen geen vaste terugbetalingsvoorwaardes nie.